
Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 1, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOOK REVIEWS / BOEKRESENSIES




## THE UNKNOWN FORCE; BLACK, INDIAN AND COLOURED SOLDIERS THROUGH TWO WORLD WARS

*Ian Gleeson*

Ashanti Uitgewers, Rivonia : 1994
278 bladsye
geïllustreer
*R79-99*

Die jaarlikse Suid-Afrikaanse militêr-historiografiese oes is skraal en die verskyning van 'n publikasie oor 'n lang verwaarloosde aspek van die land se militêre geskiedenis, lok dadelik groot belangstelling uit. Gleeson se boek oor swart, bruin en Indiërkorpse se deelname aan die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog, is een van slegs 'n handjievol werke oor anderkleuriges se relatief onbekende bydrae tot dié oorloë. Tot dusver het hoofsaaklik Albert Grundlingh en N. Clothier hulle op hierdie terrein van die geskiedenis begewe. Die publikasie onder bespreking dek die tydperk vanaf die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Dit handel oor swartmense, kleurlinge en Indiërs wat vrywillig as lede van die hulpdiens van die destydse Unieverdedigingsmag (UVM) aan die twee wêreldoorloë deelgeneem het. Gleeson beskryf hulle operasionele ervaringe, heldedade alledaagse lewensomstandighede, vryetydsbesteding, frustrasies, vrese, verlange - al die fasette van 'n bestaan in 'n oorlogsituasie.

Weens die beperkinge waaraan anderkleuriges in Suid-Afrika onderhewig was, kon hulle nie as volwaardige lede van die UVM dien nie, maar moes hulle tevrede wees om in 'n nie-gevegshoedanigheid op te tree. Aldus die skrywer is die twee belangrikste redes waarom hulle bereid was om aan die Eerste Wêreldoorlog deel te neem : lojaliteit aan hulle land en die verwagting dat Brittanje hulle aan die einde van die oorlog sou kompenseer deur politieke seggenskap aan hulle toe te staan. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het swartmans by die South African Native Labour Contingent (SANLC) aangesluit en Kleurlinge by een van drie Kleurlingkorpse. Hulle is hoofsaaklik as drywers, arbeiders, kokke en baardraers aangewend en het in Suidwes-Afrika, Oos-Afrika, Frankryk en Palestina diens gedoen.

*The Unknown Force* beskryf hulle ontberinge in Oos-Afrika waar hulle lang afstande oor onbegaanbare terrein getrek het en boonop deur uitmergelende siektes soos malaria en slaapsiekte geteister is. In Frankryk het hulle gehelp om die magte aan die Westelike Front se lang logis-tieke lyne in stand te hou; hulle het voorrade in die hawens en by spoorwegpunte en depots op- en afgelaai; spoorlyne en paaie gebou en in stand gehou; uitgrawings gedoen; hout gekap en aangery. Hulle was weliswaar nooit voor aan die front nie maar het nogtans deur die nood-saaklike dienste wat hulle verrig het, 'n oorwi-ning in die oorlog help verseker. Gleeson se werk bevat ook beskrywings van spesifiek be-langrike gebeure, soos die Britse vorste-egpaar se besoek aan die SANLC in Julie 1917 in Frankryk, die sink van die MENDI op 21 Febru-arie 1917 met die verlies van meer as 600 SANLC lede asook die muitery wat in dieselfde jaar onder lede van dié korps in Frankryk uitge-breek het.

Die skrywer handhaaf 'n goeie balans in sy publikasie tussen die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Werêldoorlog. Bronne oor anderkleuriges se rol in die Eerst Wêreldoorlog, selfs in die Nasionale Weermag se argief, is skraps en dit sou dus maklik wees om hierdie geskiedenis af te skeep. Gleeson verseker egter dat die gedeelte oor die Tweede Wêreldoorlog nie die boek oorheers nie.

Die patroon mbt diens deur anderkleuriges in

die UVM, wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog gevestig is, is in die Tweede Werêeldoorlog herhaal : weereens kon hulle slegs in 'n nie-gevegshoedanigheid diens doen. Gleeson versuim egter om aan te dui waarom hulle tóg bereid was om vir oorlogsdiens aan te meld.

Duisende vrywilligers is vanaf 1940 gewerf en het in die Native Military Corps (NMC), die Kleurlingkorps asook die Indian and Malay Services Corps as kokke, wagte, konstruksiewerkers en vragmotorbestuurders, 'n uitstaande bydrae tot die Geallieerdes se oorlogspoging gelewer. In Oos-Afrika en Abessinië bv het hulle tonne voorrade oor lang afstande en moeilike terrein na die voorste lines aangery. In Noord-Afrika was hulle die Suid-Afrikaanse Genie behulpsaam om hawens en werkswinkels te beman; paaie, brûe en spoorlyne te bou en in stand te hou; pypleidings te lê en waterpunte aan te bring. En die baardraers op hulle beurt het aan al die verskillende fronte waar die Suid-Afrikaanse magte geveg het, onvermoeid en sonder inagneming van hulle eie veiligheid, duisende ongevalle afgevoer. Gleeson se boek bevat ook hoofstukke oor die heldedade, die ontberinge van diégene wat krygsgevangene geneem is asook treffende beskrywings van die waagmoed en deursettingsvermoë wat 'n handjievol wat uit die krygsgevangenekampe ontsnap het, aan die dag gelê het.


Die eise van die oorlog en die gebrek aan mannekrag het teen die einde van 1942 die militêre owerheid genoodsaak om nie-blanke dienspersoneel tot sekere geselekteerde eenhede toe te voeg om nie-gevegsposte in hierdie eenhede te vul ten einde blanke soldate vir die front vry te stel. Slegs in uitsonderlike gevalle is nieblanke dienspersoneel in 'n gevegsrol opgelei, soos die lede van die Kaapse Korps wat as artilleriste opgelei is en op Madagaskar in 6 Veldregiment gedien het. Hulle het egter nie die geleentheid gekry om aan die beperkte operasies op die eiland deel te neem nie.

Anderkleuriges het nie net in die Leër nie maar ook in die Lugmag en die nuutgestigte Vloot 'n bydrae gelewer. In die Lugmag bv het hulle grondbeskermingsdienste verrig en in die Vloot het hulle die vaartuie se ondersterkte bemannings aangevul. Nie-blanke dienspersoneel het hulle ook aan die tuisfront onmisbaar gemaak met die beskerming van sleutelinstellasies.

Gleeson sluit sy boek af met 'n epiloog waarin hy die nie-blanke dienspersoneel se ontnugtering met die karige vergoeding wat hulle na die oorlog ontvang het, beskryf. Dit is egter verblydend dat dié oudstryders se verbintenis met veterane-organisasies sekere voordele vir hulle meegebring het en dat alle oudgediendes se pensioene sedert 1987 gelyk gemaak is.

Dit outeur het sy onderwerp deeglik nagevors en die beskikbare amtelike argiewe en sekondêre bronne goed benut. Die publikasie is tegnies goed versorg en is keurig met kaarte en toepaslike foto's toegelig. Dit is duidelik dat die outeur moeite gedoen het om geskikte foto's te bekom en dat hy sy finale seleksie met oorleg gedoen het. Aan die einde van die boek verskyn ook 'n nuttige aanhangsel met die name van diegene wie se heldhaftige en buitengewone diens gedurende die Tweede Wêreldoorlog, met medaljes vereer is.

*L. Jooste, Dokumentasiediens, Privaatsak X289, Pretoria 0001.*




## IT DOESN'T TAKE A HERO; GEN H. NORMAN SCHWARZKOPF - THE AUTOBIOGRAPHY

*Gen H. Norman Schwarzkopf with Peter Petre*

Linda Grey Bantam Books: 1992
ISBN 0-553-08944-7
pp.503
Illustrated

The Gulf War of 1991 was possibly the most mesmerising military conflict of recent times. In a world charged with violence, this particular war somehow stood out and captured the pub